# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC   2/15*
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel.  Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika.  *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Internet**: http://www-voc-kaap.org  **E-pos**: vocinfo@voc.org   **Skakel/*Contact***: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode,  tel.021-438-8095, e-pos: r.dcb@icloud.com. **Lidmaatskap /*Membership*:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /*Finance:*** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: ABSA rek./acc. 9258840691 'Stigting VOC Foundation.'
-----------------------------------------------------------------------------------------------



Foto: Jean Sleigh

*Welaen Vrunden!*

Ons herinner lede aan die 20ste Algemene Jaarvergadering van ons Stigting, om 5:00 n.m. op Donderdag, 19 Maart 2015 in die Seremoniële Kantoor van Kasteel de Goede Hoop.

Kyk na die foto, drie jaar gelede geneem tydens ons Stigtingsdag herdenking, saam met Regiment W.P Die groen deur op die stoep tussen die twee vlagpale is die ingang na die Seremoniële Kantoor.

Die gasspreker is mnr. C. Gilfellan, die Kasteel se Hoof Uitvoerende Beampte. Hy sal ons inlig oor sy toekomsvisie vir die land se oudste gebou (350 jaar, aanstaande jaar), en hoe ons Stigting hom in sy werk kan bystaan. Een van ons uitstaande projekte is die skep van 'n openbare, intergeloof-kapel vir bid, bepeinsing en kerklike seremonies in die Oude Kat, waar van ongeveer 1675 – 1704 kerk gehou en verskeie historiese figure begrawe is. Hoe, onder andere, lyk die toekoms vir ons kapel?

Ons kry besoek van Opperhoof Jooste en die bestuur van die Chainouqua-stam uit die Overberg. Ons en hulle werk saam om die Rockview Dam by Grabouw se naam na Dorha

Dam te laat verander. Dorha was die laaste opperhoof van die Chainoukwa. Hy is in Junie 1701 oorlede.

Onthou ons gesamentlike heildronk ná die vergadering: ‘Huis van Oranje!’ Ons borge verskaf die middele, die Kasteel verskaf die glase. Daar is ook eetbare verversing, vriendelik verskaf deur ons gasheer, mnr Gilfellan en die Kasteel.
.
Dit is die enigste dag in die jaar dat al ons lede saamkom. Dra asb. u VOC-lapelspelde. Bring vriende saam wat as nuwe lede kan aansluit. U sal ons penningmeester daar vind: betaal sommer u ledegeld. Gratis plastiek naamplaatjies (sonder name) is beskikbaar en ons Stigting se lapelspeld is vir R70 elk te koop. Sien u daar.

Onthou dat u met ons lede-sekretaris, me. Saretta Gelderblom oor ledesake kan skakel. Haar e-pos adres is bo-aan dié *Generale Missive*.

Daar is volop gratis parkering agter die Kasteel, uit Darling Straat.

*Behouwde vaert*
D.SLEIGH (Red.)